

# KALIBREER

Die gemeentes van Openbaring



## OPENBARING 2:1-7 KALIBREER II

“Liefde maak nie tot niet nie, maar maak nuut”

### Kalibreer:

Om te kalibreer beteken dat daar 'n standaard meetinstrument is waarteen jy die mate wat jy wil gebruik kalibreer of dan meet.

### Openbaring:


In Openbaring skryf Johannes 7 briewe aan 7 gemeentes wat deel was van Klein-Asië om juis vir hulle 'n kalibreer instrument (standaard) op te hou waarvolgens die Here hulle toets en evalueer. Die wonderlike is dat ons vandag nog stéeds die kalibrering ook vir onself kan toepas want die Here staan vandag nog midde-in sy gemeente (die 8ste gemeente!).

### Inperking:

Ons het gewond geraak om orals waar ons instap “gemeet” of dan getoets te word. Is ons gesond genoeg om die winkel binne te gaan, al dan nie? In die briewe aan die 7 gemeentes toets God as't ware almal se temperatuur om hulle juis aan te moedig tot 'n gesonde geestelike lewe.

### Efese:

Die eerste brief is aan die gemeente aan Efese. Efese was een van die oudste en beroemdste stede in die destydse Klein-Asië. Die stad is in 1100 vC gebou en het vroeg reeds beroemdheid verwerf omdat dit die setel van Artemis, die groot godin van Asië was (een van die sewe wonders van die Antieke wêreld).



Uit Handeling 18-20 weet ons dat Paulus meer kere in die gemeente gekom het; by geleentheid het hy meer as drie jaar daar

gebly. In Handeling 18:24 word gesê dat Apollos ook vir 'n tyd in Efese gewerk het. Uit Lukas se vertelling in Handeling 19 kan ons agterkom dat die werk in Efese uitdagend was en dat die Christene met allerhande probleme en heelwat teenkanting te doen gekry het. Tog was daar ook volop geleentheid. Paulus het die stad as 'n basis gebruik vir die verkondiging van die evangelie in Asië. In 1 Kor 16:8-9 skryf hy dat hy tot Pinkster nog in Efese gaan bly “want hier staan 'n groot en belangrike deur vir my oop”. Hierdie oop deur, sê hy, word gegee te midde van die feit dat “hier ook baie teenstanders (is)”.

Die **sterkste punt** van die gemeente was dat hulle ernstig was oor die waarheid. Ons hoor dat Johannes die gemeente prys vir hulle “onvermoeide arbeid” (vers 2) en vir hulle volharding (x 2) en vir hulle bereidheid om baie te verduur vir Christus se Naam (vers 3). Maar die beste van die gemeente was hulle toewyding aan die waarheid. Hoe ernstig die gemeente oor die waarheid was, hoor jy in die woorde dat hulle nie “slegte mense” kon verdra nie!

En dan kom plaas Jesus die waterpas teen die gemeente en sê – maar – maar iets is skeef.

Die gemeente se **grootste fout** is dat hulle hulle eerste liefde verlaat het. Dit kan gebeur dat 'n mens so 'n meedoënlose fokus op die waarheid te ver kan neem wat nie die saak van die evangelie dien nie. Dit het in Efese gebeur. Ons hoor in 2:4 dat Christus vir die gemeente sê: “Maar Ek het dit teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het”. Dit is goed om ernstig te wees oor die waarheid, maar 'n mens kan so gefokus raak op die waarheid, dat jy in die proses vergeet van die liefde en van mense.

Die eerste en groot gebod van die evangelie, het Jesus gesê, is dat ons God sal lief hê met ons hele hart, ons hele siel, ons hele verstand en al ons kragte, en ons naaste soos onself. In 1 Kor 13 besing Paulus die liefde as die grootste van alle dinge. Sonder die liefde is ons niks.

Dit is hartseer om te dink dat 'n gemeente wat so ernstig oor die waarheid was, hulle liefde kon verloor. Die boodskap aan die gemeente in Efese is:

**Liefde wil ons nie tot niet maak nie,  
maar wil ons nuut maak.**

#### **Vaderlike raad:**

In elkeen van die briewe praat die Here nie net reguit met die gemeente oor hulle foute nie; Hy gee ook vir hulle vaderlike raad oor hoe hulle die foute kan regmaak (v 5):

- Dink daaraan hoe ver julle agteruit gegaan het.
- Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het.

#### **Belofte:**

Die brief aan Efese sluit dan af met die wonderlike belofte: (v 7). Luister (aktief), moet nie net hoor nie, maar reageer ook op wat jy hoor. En dan die belofte: Julle sal eet van die boom van die lewe. Die heidene is deur hulle priesters en priesteresse 'n klomp goed belowe, onder andere die ewige lewe, maar nie een afgod kon die belofte gestand doen en die ewige lewe gee nie. Dit kan net Jesus Christus doen – die een wat die 7 sterre in sy hande vashou en wat rondgaan tussen die 7 lampstanders. Die een wat vandag ook deur sy Gees in ons gemeente rondgaan.